

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 19

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die tradisies, waar was u?

U voel vreemd in die Kerk! Daar is vir u 'n te sterk vasklemming aan tradisies wat al baie jare uitgedien is.

U is modern en u wil graag sien dat alles, net soos u, op die voorpunt van die tye staan. U wil hê dit moet flink en progressief vooruit beweeg. Nou voel u, as u in die kerk inkom, asof u kleredrag, seremonies en formuliere in 'n atmosfeer van 'n eeu, selfs eeue terug, teëkom.

Ek sien wat u bedoel

In 'n mate is u reg. Die dinge wat u genoem het, herinner inderdaad aan gebruike en beskouinge van eeue tevore. U, wat modern is, het heeltemal van die dinge weggedryf. Dit het vir u vreemd geword, maar verstaan ek u reg? U sê die kerk het saam met die tradisies agter die tyd en uitgedien geraak? U verwerp die kerk en sy geloof saam met die tradisies!

WAT IS AGTER DIE TRADISIE

Laat ek u asseblief vertel waarom die vrome kerkmense so vashou aan die tradisies.

Het u al ooit gaan kyk na Pres. Kruger se woonhuis in Pretoria? U het dit nog nooit snaaks gevind dat die plek bewaar word soos in die tyd toe hy bewoon is nie?

So is dit net 'n neiging by die mens om die dinge uit die verlede in die kleed van die verlede te bewaar.

Weet u nie dat die kerkmense 'n kosbare skat het wat deur hulle voorgeslagte met jaloersheid bewaar is: 'n skat wat vir hulle meer werd was as hulle huise, hul vaderland, selfs hul lewe! Die skat is van die een geslag oorgelewer na die volgende. Verbaas dit u nou dat u juis dié skat, wat so kosbaar geag is, toegewikkel sal kry in die kleed of tradisies van die eeue waardeur dit gedra is?

U moet die "skat" probeer soek agter die tradisies, want die tradisies is nie die vernaamste nie.

Dit is juis dieselfde kerkmense wat in die geskiedenis al keer op keer met die tradisies gebreek het as dié gedreig het om die waarde van die "skat te verminder of sy glans te verdonker. In hul belydenis leer hulle dat die oudheid of gewoontes nie met hierdie "skat gelykgestel mag word nie.

U verwerp die tradisies en u het u nog nie eers afgevra wat die "skat" is wat deur die tradisies gedra word nie. Ek is bevrees u wou die kind saam met die badwater weggooi. Die "skat" is die geloof dat daar saligheid, rus, vrede en die ewige lewe in die sterwe en opstanding van Jesus Christus is.

Dit is wat ons die evangelie noem en wat ons uit die Woord van God kry — 'n Woord en evangelie wat saligheid vir duisende geslagte gebring het en wat ons geslag sekerlik weer in die tradisie en vorme van ons tyd aan die volgende geslagte sal oorlewer.

WAAROM IS U VREEMD?

Waar was u by die tradisies? U het dit verwerp. As die kerkmense Sondae kerk toe gaan, speel u by die waters rond. Waarom?

Ek gaan drie oorsake aan u stel om goed oor na te dink:

1. **REBELLIE:** Uit 'n soort moderne verwaandheid rebelleer u teen u voorgeslagte — en waarskynlik u eie ouers — waarmee u alles wat van hulle kom, verkleineer. Daarenteen

is die enigste regte siening tog dat u uit hulle voortvloei soos 'n stroompie uit 'n fontein. U breek die draad tot u eie skade.

2. **VALSE VRYHEID:** U kan u nie wegbreek van tradisies wat u bind aan die evangelie en die kerk en daarmee aan Jesus Christus en God nie. Daarenteen weet u self dat ware vryheid die regte binding beteken. Wie hom aan God bind, bind hom aan die lewe. Wie van God afval, hy val!
3. **HAAT:** Die rebellie en valse vryheid... kom dit nie uit 'n neiging om God te haat en u naaste te haat nie? U begryp dit nie! Wat beteken u opmerkings van "vreemd voel", "uitgedien" en "verwerp"? U sou tog nie so van iets sê wat u liefhet nie. En wie **haat u eintlik?**

TERUGKEER

As u uit hierdie opmerkings enigsins iets geleer het, moenie uitgestoot voel nie. God het groot genade vir die berouvolle sondaar. Hy roep nie tot u om die tradisies aan te gryp nie, want dit is maar die uiterlike versiering van die evangelie. Dit sal nog baie verander.

Hy roep u om die evangelie van Jesus Christus aan te gryp met albei u hande en dit nooit weer los te laat nie. As u glo dat Jesus Christus vir u sondes gesterf het volgens die Skrifte, dat Hy begrawe is, dat Hy op die derde dag opgewek is en dat Hy in die hemele sit vir u, dan word u daardeur gered as u daaraan vashou op die wyse waarop dit in waarheid aan u verkondig is... verwys na (1 Kor. 15:2, 4).

As u dit aanvaar, dra dit dan oor aan die volgende geslagte en ek hoop dat hulle nie die skat wat u aan hulle oordra, ook **weer verwerp nie**.

A. S. SMIT

Bou u 'n huis?

In u lewe is daar baie ideale wat u u ten doel het. Een van die boeiendste dinge is sekerlik die beplanning en bou van u eie huis, omdat die verlange so brand om u huis voltooid te sien. Eers het u 'n argitek geraadpleeg. Die huis word dus goed beplan. Elke kamer word beplan, ook die vensters, die ingeboude kaste, die boekrak — alles word tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Ja, in u verbeelding sien u die huis van u drome. Sorgvuldig het u reeds 'n standplaas met goeie grond gekoop, **want u wil nie op sand bou nie. Die fondament van u huis moet stewig wees, want dit is die allerbelangrikste in die konstruksie van u huis. Op so 'n vaste fondament wil u nou met vertroue bou. Dan kan die stormwinde maar waai, u huis sal nie wankel nie. U bouwerk verrys nou op so 'n vaste fondament. Eindelik is ook die dak voltooi en u huis nader nou stadig sy voltooiing.**

DIE VERSIERING VAN U HUIS

Die finale afronding van die gebou is ongetwyfeld by uitstek die mooiste en waardevolste aan u hele huis. Dit gee vorm, agtergrond, voorkoms en versiering aan u huis. Ja, dit is die belangrikste afwerking van u huis, maar onthou, die afronding en versiering van u huis bly 'n onvoltooide werk! Gedurig moet u u huis en tuin versier, om nie die waarde daarvan te laat verminder nie. As u huis klaar gebou is, trek u in. Wat 'n heerlike gevoel! U betrag die arbeid van u hande! Heerlik, maar moet vir geen oomblik nou dink dat u nie verdere bekommernisse sal hê nie.

Bou in die geloof

Vriend, nou vra ek u of u die aarde nutteloos laat bestaan? U is 'n deel van die skepping en daarom het u 'n plig wat u moet vervul. Hierdie roepstem kom ook tot u: Wil u die aarde nou woes laat lê of wil u die aarde bewoon en bewerk? Bou ook in die geloof u huis. Dit sal die boeiendste in u hele lewe wees.

Eers moet u die Boumeester raadpleeg. Hy is 'n jaloerse God en wil hê u moet alles in u lewe van Hom afsmeek. Hy sal sorg vir die vaste fondament in u lewe waarop u moet vertrou om op te bou. Op hierdie fondament van u geloofsluwe sal u die lewenstorme trotseer en daarom vertrou u op Hom, die Rots, waarop u geloofshuis gebou is, sodat selfs nie die poorte van die hel dit sal oorweldig nie. Met elke steen wat ingemessel word, om later een groot vaste geheel te vorm, moet u bou op die Ewige Rots. Die kennis van die Woord is soos 'n stem wat u inbou, elke venster is die Ewige Lig wat u in Hom sien. Die dak is die heerlike belofte van herbergsaamheid.

U het ook in u huis voorsiening gemaak vir 'n boekrak. Het u daar 'n plekkie gelaat vir die Bybel ... die grondbeginsel van huisversiering?

God die boumeester

Hoe versier u u huis? Bid u aan tafel, bid u in u binnekamer, hou u huisgodsdienst? Moenie dat die Bybel op u boekrak vol stof word nie. Lees dit gereeld en u sal merk hoe u huis 'n deel uitmaak van die ewige stad waarvan God die Burgemeester en Oprigter is. Nou bou u in die geloof en is daar vir u 'n heerlike belofte. U sal deur en in Christus 'n erfgenaam wees van die Ewige Herberg — die Ewige Gebou. Waar hoor, leer en lees u van dié belofte? U hoor en leer dit in die Huis van God — die kerk — elke Sondag! U lees van die belofte in u Bybel.

As u aan Christus behoort, is u volgens dié belofte 'n erfgenaam. As u 'n erfgenaam is, sal u as 'n goeie werker en bouer 'n deelname hê in die Ewige Herberg. Daar is volgens die

belofte, nuwe hemele — en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon — daar in die stad wat God vir u toeberei het.

Wie toevlug neem in veilige hut.

En skuil by die Alhoë

Hy word beskadu en beskut

Deur God se alvermoë'.

O, Heer my Rots, op wie ek bou.

By U is't my die beste.

My toevlug waar ek stil vertrou,

In nood my veilige veste.

P. J. SMAL.

Gesprek met 'n Alkoholis

Jy hou nie van my nie. Jy weet ek is 'n dominee. Daarom het jy al klaar besluit dat ek nie verstaan nie, dat ek jou gaan veroordeel en dat ek jou gaan dreig met hierdie en daardie straf.

Ek verstaan jou baie goed. Jy bevind jou in 'n posisie waarin jy nie graag wil wees nie. Jy wil graag anders wees, maar jy het 'n onvermoë om drinkery te beheer en anders te lewe. Jy is magteloos om te kies. As die verlange daartoe aan die keel gryp, word jy volkome magteloos en as jy na 'n paar dae die "alkohol" agter die rug het, voel jy skaam, magteloos, so radeloos in jou berou en jy belowe vir jouself en vir jou gesin dat dit die einde is... maar terwyl jy belowe, weet jy dat dit weer gaan kom.

Dit laat jou minderwaardig voel, so leuenagtig... en hierdie gevoel van skyn maak jou op sy beurt bot en prikkelbaar. Die prikkelbaarheid dryf jou weer na ontvlugting — en daar gaan dit weer! In hierdie sirkel bly jy gevange. Die sirkel trek nouer. Die skuld hoop op, jou werkgewer kyk jou al snaaks aan, jou vrou dreig met egskeiding en jy trek jou al hoe meer terug. Jy loop nie meer nie... jy sluip rond. Jy word agterdogtig en bang en aggressief. Jy kan nie meer 'n koppie tee ordentlik vashou nie, want jou hande bewe.

Ek verstaan jou — ook jou weerstand teen my as jou dominee, want jy voel skuldig teenoor my. Dié skuldgevoel is eintlik 'n skuldgevoel teenoor die Here, want jy verbind my met Hom. Die mense sê jy het 'n siekte en dit is waar. Ek sê ook so, maar jy weet diep in jou hart dat hierdie siekte van jou skuld voor God is. Jou verslawing dryf jou tot onverantwoordelike dade. Stelselmatig het dit jou laat afdwaal van God af. Jy het geen vrymoedigheid om meer kerk toe te gaan nie, jy kan skaars bid en die Bybel spreek jou nie meer aan nie.

Jou siekte het jou ook van God geïsoleer — en dit is die skuld wat jy dra. Nou help dit nie om hierdie skuldgevoel weg te steek deur snaaks te wees met my nie, want ek kan jou help om God weer te vind. Jy het die dokter nodig vir mediese behandeling, maar jy het my ook nodig. Ek is ook 'n "spesialis" oor die diepste kern van die mens se bestaan, naamlik sy verhouding tot God. Die Woord is die sleutel wat God in my hand gegee het om ook vir jou 'n deur oop te sluit.

Ek wil jou uitnooi om met my te kom gesels. Ek woon in die groot stede, maar ook in elke klein dorpie. Jy kan die adres van die dominee maklik vind. God wil my gebruik om jou te lei na 'n oorwinningsewe... om 'n instrument te wees om jou onvrugbare lewe weer vrugbaar te maak. Ek sal jou nie probeer opknap nie, maar my God (en jou God) wil deur die gesprek met my jou roep en trek na 'n nuwe lewe, algehele oorgawe en inkeer. Die lewe kan opnuut begin!

Ek nooi jou dus uit na God. Daar is geen sprake van dat ek jou wil probeer dwing nie. Jy moet self kom. As jy besef dat jy aan die einde is, is God dikwels aan die begin.

W. J. de KLERK

1. "Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees.

As jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As die lig in jou dan donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!

Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en ook Mammon dien nie!" (Matt. 6:19-24).

2. "Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.

Aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle *nie* gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie *met* die geloof verenig was nie."

"Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.

Die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, *maar* alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het. (Hebr. 4:1-2 en 11-13).

Ly u aan u senuwees?

Senuwees en nogmaals senuwees... 'n alombekende klagte in die moderne wêreld.

'n Moderne wêreld wat ons skommel totdat ons suur word en die hele samelewing, ons huislike lewe, ons vriende... sommer almal omkrap en deur ons versteuring... hulle versteur.

Dan soek ons na 'n algemene versterkingsmiddel vir ons lusteloosheid, vir ons senuweeswakheid... vir ons slapeloosheid... moegheid, bewerigheid en 'n snaakse gevoel op die maag. Wetenskaplik word dit verklaar as daardie senuwees wat u opkeil.

Die brein en die rugmurg is die hoof-senuweestelsel. Hulle word gevoed deur skoon bloed. Vanuit die brein sprei die hele senuweestelsel... elke senuwee bedoel vir 'n sekere liggaamsdeel. Word die senuwees versteur, volg al die kwale...eintlik die groot kwaal van kortgebondenheid... amper ongebondenheid.

As die brein verkeerd funksioneer...as die hoof aangetas word deur 'n versteuring in een van die senudraadjies... dan kom die senuweespanning. Te veel eet, te veel drink, te veel seks, te veel dit en dat... ontstel die senuwees. Dit bring verwarring en versteuring!

Dit maak van 'n mens 'n wrak... wat uitspoel op see van die samelewing en ontsier die kus van ons saambestaan.

Daar is baie middels wat liggaamlik aangewend kan word...maar dit is alles verligting en nie altyd genesing nie. Die grootste waarheid van alles is dat dit is nie altyd senuwees is nie. Jy wat hier lees, erken dit. Jou slapeloosheid is nie altyd senuwees nie. Jou lusteloosheid is nie sonder oorsaak nie.

Dink daaraan... onbekende! Ly jy aan senuwees? Watter middel gebruik jy? Gebruik jy die regte middel? Hier is 'n betroubare Woord vir jou probleme... probleme wat jou senuwees so op hol jaag. Stap na die gebou daar in die straat... waar jy altyd verby loop... die gebou met 'n toring wat na die hemel wys.

Gaan in...Merk die rustige samesyn van die wat daar is...Jy sal dit ervaar . . .Luister na die rustige Woord wat verkondig word... Die Woord van die enigste Lewende God. Die God wat jou ken in al jou ledemate...want Hy het jou geskape ...ook jou senuwees het Hy gemaak. Probeer saamsing...Gaan na die diens na die vriendelike bedienaar van die Goddelike Woord en knoop 'n rustige gesprek aan met hom. Buig die knieë in aanbidding voor God ...en aanbid Hom.

Hy ken jou met al jou spanninge. Jy sal verneem van die kerk wat nie aan senuwees ly nie. Omdat die kerk 'n Hoof in die hemel het wat nooit sy ledemate versteur nie, omdat die Hoof nie sondig is nie, maar volmaak. Omdat Hy sy liggaam voed met rein bloed wat Hy vir hulle gestort het ...'n vaste spyse bied Hy hulle. Christus ...wat aan die kruis gesterf het! Christus . . .wat slapeloosheid, moegheid, bespotting en veragting vol ongeregtheid moes deurstaan, sodat die wat vermoed en belas is, by Hom kan rus vind. In Christus ...word jy verander.

Jou slapeloosheid word dan vir jou 'n aangename rustige, matige slaap na 'n vermoeide dag in die diens van Hom, jou Hoof. Moegheid verander in moedigheid. Lusteloosheid word 'n lus om God te dien. Jou ongebondenheid ...verval in 'n afhanklikheidsgevoel van God.

Die algemene klagte van jou ...word 'n algemene graagte in diens van jou Skepper en bewaarder. Jou kortgebondenheid ...word in flarde geruk as jy die lankmoedigheid van God aanskou met sondaarmense. Daar is genade op genade in Christus Jesus, die Hoof van wie ons ledemate is.

A. G. C. Yssel.

SONDE

- **Alle mense is sondaars** — Ons dra die erfskuld en die erfsmet.
- **Algemene sonde:** Oortreding van God se Wet wat 'n gebroke verhouding met God en die naaste tot gevolg het.
- **Konkrete sonde:** Wat algemeen is, word êrens konkreet. Dit is die daaglikse sondes, die punt van die kortsluiting. Die plek van die misdaad.
- **Verborgte sonde:** Dit wat nie duidelik aanwysbaar is deur ander nie. Die verborge sonde verberg hom in die onderbewussyn, die gedagtes, die dubbel lewe of in 'n kleiner kring van bekendes.
- **Openbare sonde:** Wat duidelik aanwysbaar is en na buite tree in sy veelheid van vorme.
- **Boesemsonde:** Een of ander sonde wat die gewoontesonde van 'n persoon geword het, só dat dit sy denke en lewenspatroon oorheers.
- **Insidentele sonde:** Oorweldiging deur een of ander konkrete sonde.

Sonde is skuld voor God. Die mens staan verantwoordelik vir sy sonde. God is kwaad oor die sonde en beloof die tydelike en ewige oordeel.

Wie deur die geloof by Christus ingelyf is, ontvang vergewing en bedekking van sonde. Deur die werk van die Gees is daar vernuwning en bevryding van die oorheersing van die sonde.

Ons moet die stryd teen die sonde opneem. Die volgende "trappe" is vir u die ABC van die bekering:

Selfondersoek om die omvang en aard van die eie sonde te ontdek.

Sondeontleding om die God-onterende karakter daarvan oop te vlek.

Sondeberou as die skaamte oor die sonde.

Sondebelydenis as die uitspraak van die sonde voor God en die naaste.

Sondekwytskelding op grond van die geloof deur God in Jesus Christus.

Sondeoorwinning deur die groei van die nuwe mens.

Die Here leer ons hierdie ABC deur sy Woord en Gees. Daarom is die eerste stap om te luister na die roepstem van God in hierdie skrywe. "Almal wat deur die Evangelie geroep word, word in alle erns geroep, want God gee ons in alle erns en waaragtig in sy Woord te kenne wat Hom welgevallig is: dat diegene wat geroep is, tot Hom moet kom. Hy beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe."

Leer die gebed wat op die volgende bladsy staan uit die hoof en bid dit elke dag.

Gebed

U, Heer, wat my deurskou geheel en al,
is van my euweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter
wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan,
Ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan,
en rein u vonnis, oor my afgekondig.

Dis nie dié sonde-alleen wat roep om straf:
ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore
al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid in my binnenst', Heer;
en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte en leer
my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

Verberg u oog, die vlammelig wat oor
my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede,
herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, O Heer, 'n vaste gees,
dat ek nie so'weer van u baan mag gly nie!
laat my voor U tog geen verstootling wees,
en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

IN DIE STILTE

In die stil ure van die nag wag ek.

Die onrus het in my saamgeknoop tot 'n groot verlange.

Ek wil weet of hierdie gees in my wat tastend na die ewigheid reik bestemming het. Ek luister na die klein geluide wat die nag intenser maak.

Ek is alleen en om my slaap 'n stad.

Ek is alleen, en tog, ek wag...

Die dag se gang lê swaar in my; die hol gemaal wat gaan om brood. My arbeid het ek lusteloos gegee, gedwonge deur die nood om te bestaan. Flou grappies en 'n glimlag, aangeplak. Tussendeur die tam onsekerheid: dat alles tog maar nutteloos was. Sterf jy vandag, wie sal jou plek onthou, of sal 'n ander ween oor wat jy agterlaat? Die tyd stroom in en maak weer alles glad asof jou plek nooit was nie en jy laat — niks. Vanmiddag is ek uit straat toe, my weg gebaan deur menigtes wat strak en meganies huis toe sleur om êrens met hul klein probleme in te kruip.

O God, die stilte klem om my. Ek wag dat U moet spreek.

Ek skuif 'n venster oop en laat my blik inpeil in die oneindigheid. U majesteit oorweldig my en trek my deur die stilte heen tot waar ek op die rand van openbaring staan. Is dit dan moontlik dat ook ek 'n plek mag hê in hierdie grootsheid; dat êrens in U raadsbesluit my naam genoem word met vertedering? Ek bid U, Here skenk aan my die wete dat ek mag hoop op die onsterflikheid. Ek vra nie die uitbundigheid van leë vreugde-oomblikke nie, maar dat u hand my hart ontroer en vasknoop aan die ewigheid. Laat daar vir my ook lig wees in die nag wat eindeloos fluister, sodat die môre nie van hoop ontdaan sal wees nie.

Die stilte van 'n wye nag het eens geskeur voor die verlossingsjubel en later het U voor Pilatus stom gestaan. Oorwinnend het U uit die Dood gestap om oor die Lewe Vors te wees. O, Seun van God, ek vra U my bestemming.

Fanie van der Walt.